P. H. MULLER, *Kerkbouwers*, Amsterdam, Bigot en Van Rossum, N.V., 478 bls., prys 23/3.

Hierdie boek is die eerste van drie dele wat oor kerkbouers sal verskyn. Dit wil 'n kerkgeskiedenis in biografie wees, waardeur mens net rondom die lewens van groot figure met die geskiedenis van die Kerk in Nederland bekend kan raak, en wat op die katkisasies en by die godsdiensonderwys op die skool gebruik kan word. Maar ook kan dit deur teologiese studente met vrug gelees word naas die gewone handboeke wat soms taamlik droog kan wees.

Hierdie eerste deel behandel figure uit die Nederlandse kerkgeskiedenis vanaf die optrede van Geert Groote in die veertiende eeu tot die Sinode van Dordrecht in die begin van die sewentiende eeu. Agter in die boek is 'n uitvoerige litteratuurlys. Die lewens van vier-en-dertig persone word behandel. Dit spreek vanself dat die keuse van die persone wat in aanmerking kom deur verskillende skrywers ook weer verskillend sal wees. Ons wil dan ook nie met die skrywer twis oor die seleksie wat hy gemaak het nie. Inteendeel, ons dink dat die keuse oor die algemeen goed is. Maar tog reken ons dat Willebrord, die man wat in die sewende en agtste eeu deur sy werksaamhede aan die Christelike Kerk in Nederland vaste voet gegee het, 'n eerste en 'n ereplek moes kry. Nou word hy weggelaat. Net somin kan ons nie verstaan dat 'n biografie van Desiderius Erasmus ook ontbreek. Netso dat die samevattende werk oor die Broeders van die Gemene Lewe wat in 1925 in New York van die hand van professor ALBERT HYMA van die Universiteit van Michigan onder die naam

*The Christian Renaissance* verksyn het, ontbreek. Ook sou mens dit nie altyd eens kan wees met die waardering van die skrywer van sy figure nie, soos byvoorbeeld Jacobus Arminius en Franciscus Gomarus. Dit behoef ook nie. Die boek is 'n waardevolle leesboek en ook studieboek om saam met die gewone handboeke te gebruik. Dit laat die waardering vir die kerkgeskiedenis ten goede kom, en ons beveel dit baie hartlik aan by al ons lesers, predikante en ook onderwysers wat hulle met geskiedenis besig hou, en veral aan ons studente om dit naas handboeke as die van Reitsma te gebruik. Ons sien met verlange uit na die verskyning van die tweede en derde boek.

S. P. ENGELBRECHT.